# Psalm 8 - Daar is geen land

```
   A   D       A        D               E
1. Daar is geen land so ver of woes geleë,

   A                          D            E A
   geen strand, Jahweh, of wilde waterweë,

   E            A        B7          E
   geen hemelsfeer in die oneindigheid –

   A        D                  E      A
   of orals blink U Naam en majesteit.


   A  D        A          D              E
2. U het, Jahweh, wat troon oor alle dinge,

   A                  D               E  A
   uit kindertaal en stem van suigelinge

   E            A       B7                  E
   U mag gegrond, sodat die mens moet swyg,

   A                D                E       A
   wat, hoog van hart, uit wraakbegeerte dreig.


   A  D        A       D          E
3. As ek, Jahweh, U nagtelike hemel

   A                      D               E  A
   daarbo aanskou, die tint- en glansgewemel;

   E            A      B7             E
   hoe, deur U toeberei, die skugter maan

   A          D                  E      A
   met stille gang oor sterrevelde gaan –


   A   D      A           D               E
4. Wat is die mens dan dat U hom gedenk het,

   A                          D       E     A
   die mensekind wat U so ryk beskenk het!

   E            A       B7          E
   Met eer en heerlikheid is hy gekroon,

   A               D             E      A
   skaars minder as die eng'le om U troon.


   A D          A            D                 E
5. U laat hom heers.  Tot aan die verste strande,

   A                   D              E    A
   gebied hy oor die werke van U hande.

   E           A          B7              E
   U het, Jahweh, dit onder hom gestel,

   A            D                    E     A
   dit hoor sy stem en beef voor sy bevel.


   A    D       A        D                 E
6. Die os en skaap en wat in wildheid lewe,

   A                    D            E    A
   die voëls wat deur hoë lugte swewe,

   E                A         B7           E
   al wat deurkruis die paaie van die see–

   A            D           E        A
   tesaam het U dit in sy mag gegee.


   A    D            A        D                E
7. Ja, daar's geen land so ver of woes geleë,

   A                            D               E A
   geen strand, Jahweh, of wilde waterweë,

   E                A       B7             E
   geen hemelsfeer in die oneindigheid –

   A          D                    E     A
   of orals blink U Naam en majesteit.
```